GEDRAGSKODE VIR LEERDERS VAN LAERSKOOL TUINE

1. INLEIDING

Die Beheerliggaam van die skool aanvaar hierdie gedragskode vir leerders as die amptelike gedragskode vir al die skool se leerders. Die gedragskode vir leerders beoog, volgens die Onderwyswet wat op 15 November 1996 aanvaar is, saamgelees met die Wet op Menseregte, dat daar ‘n gedissiplineerde en ‘n doelgerigte skoolomgewing geskep moet word wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die gehalte van die leerprosesse, asook om die opvoedkundige doelstellings van die skool te bereik. Geen bepaling van die Onderwyswet van 1996 of latere wysigings daarvan stel ‘n leerder vry van die verpligting om die gedragskode vir leerders van ons skool nie na te kom nie.

Hierdie gedragskode vir leerders bevat die bepalings van ‘n behoorlike regsproses om die belange van die leerders en enige partye wat by die skool se dissiplinêre handelinge betrokke is, te beskerm. Die grondslag vir sukses en 'n gelukkige skoolgemeenskap is gefundeer op selfdissipline, orde en respek vir die medemens. Christelike beginsels dien as grondslag vir die gedragskode.

Die kernvereiste vir ‘n gedragskode vir leerders is dat dit administratief maklik hanteerbaar moet wees en dat die opvoeders sentraal moet staan in die implementering en uitvoer van die gedragskode vir leerders. Dissipline het regsimplikasies en moet uitvoerbaar wees. Die opvoeder se verhouding met die leerders is ook baie belangrik. Indien karaktertrekke van die opvoeder / leerder ‘n botsing met die leerder / opvoeder veroorsaak moet daaraan gewerk word deur die betrokke party.

Die inhoud van die gedragskode vir leerders moet algemeen bekend wees en behoort in die openbaar by skool vertoon te word om dit vir almal toeganklik te maak.

2. DIE BENADERING GEVOLG IN DIE GEDRAGSKODE VIR LEERDERS:

2.1. Filosofiese begronding

Ons skool beskou elke kind as ‘n unieke wese wat sy / haar positiewe Godgegewe persoonsmoontlikhede ten volle behoort te verwerklik. Aangesien hierdie moontlikhede hoofsaaklik in die teenwoordigheid van ‘n volwasse opvoeder en medeleerders bereik kan word, is dit van deurslaggewende belang dat hierdie bemoeienis in ‘n geordende en vormende onderrigklimaat sal geskied. Indien daar, as gevolg van ongewensde optrede deur ‘n leerder of leerders, inbreuk gemaak word op hierdie rigtinggewende begeleiding van die kind, sal laasgenoemde nie in staat wees om sy / haar moontlikhede ten volle te verwerklik nie. Hierdie beleid dien dus as maatreël om te verseker dat geen leerder deur sy / haar eie ongeoorloofde optrede, of deur die ontoelaatbare gedrag van een of meer medeleerders sal verhoed om tot volle persoonsverwerkliking te kom nie.

2.2. Opvoedkundige benadering

Die skool se gedragskode vir leerders sal ten alle tye in ‘n gees van goedgesindheid, liefde en ondersteuning toegepas word. Dit impliseer die volgende:

- Leerders sal met die nodige sensitiwiteit en begrip aan die toepassing van reëls en regulasies onderwerp word
- Simpatieke gesagsleiding sal te alle tye met die leerders geskied, want die leerders het die reg om aangehoor te word.
- Erkenning van die kind se waardigheid en eiesoortige aard van die spesifieke lewensfase waarbinne die kind hom / haar bevind, sal deurgaans hoë prioriteite geniet derhalwe sal daar om die rede ‘n onderskeid tussen die Grondslagfase

(Graad 1-3), Intermediêre en Seniorfases (Graad 4-7) gemaak word. Leerders in die Grondslagfase beskik nog nie oor dieselfde vlak van gewetensvorming, normatiewe onderskeiding en sedelik-selfstandige besluitvorming as dié van ‘n ouer kind nie. Met die oog op die Graad 7 leerders se afronding as skoolverlaters, sal ‘n eiesoortige gedragskode vir leerders ook vir hierdie leerders geld. Die graad 7-leerders het reeds in so ‘n mate van normatiewe onderskeiding en gewetensvorming ontwikkel dat ‘n hoër mate van verantwoordelikheid van die leerders verwag kan word. Die gedragskode vir leerders wat vir die leerders geld behels die strenger toepassing van die skoolreëls en die verwagting dat die senior leerders ‘n voorbeeld vir die junior leerders sal wees.

2.3. Sedelike-godsdienstige benadering

Die hoof en personeel van ons skool glo dat elke kind deur die gewilde geskapenheid van God geroep is om ‘n sekere doel in die lewe te bereik. Dit is die wese en strewe van hierdie skool dat elke kind so begelei sal word, dat hy / sy daardie lewensdoel sal bereik. Ingryping sal dus alleenlik geskied wanneer dit blyk dat ‘n leerder se houding of optrede nie strook met dit wat van die spesifieke leerder verwag word nie.

2.4. Verbod op lyfstraf

Geen persoon mag in ‘n skool lyfstraf aan ‘n leerder toedien nie. Enige persoon wat subartikel [1] van die Onderwyswet oortree, is skuldig aan ‘n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met ‘n vonnis wat vir aanranding opgelê kan word.

3. WAAROM ‘N GEDRAGSKODE VIR LEERDERS?

Die hoofdoelwit van hierdie gedragskode vir leerders is om:

- ‘n ordelike skoolmilieu te skep waarbinne sinvolle opvoeding kan plaasvind en waarin elke leerder optimaal baat kan vind by die onderwys van die skool sodat elkeen sy / haar doel kan verwesenlik;
- aan al die leerders die ideale leeromgewing en nodige ruimte te gee waarin hulle hulself kan uitleef sonder om die ander leerders te benadeel;
- die ideale dissiplinêre omgewing te skep waarin die skool se opvoedingsdoelwitte kan gedy;
- sekerheid, veiligheid en sekuriteit op die skoolterrein te waarborg sodat elke leerder geborge genoeg sal voel om te waag, inisiatief aan die dag te lê en te leer;
- aan elke opvoeder die opvoedingsomgewing te gee waar kwaliteit onderrig kan plaasvind;
- te sê wat bedoel word met aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag;
- gepaste belonings, strafmaatreëls en vorms van straf daar te stel;
- die aansien van die skool se gedragskode vir leerders in die gemeenskap te vestig;
- aan elke opvoeder ‘n hulpmiddel te gee om die moeilikste leerders te hanteer;
- die rolspelers in die skool se dissiplinêre bestuur te identifiseer;
- die opvoeders se verdraagsaamheid teenoor leerders te verhoog;
- streng op te tree teen gereelde oortreders;
- ‘n positiewe beeld van die skool by die gemeenskap te vestig;
- alle lede van die skoolgemeenskap in staat te stel om goeie gedrag te openbaar teenoor mekaar en om saam te werk in die onderrig en leerproses;
- aan elke leerder die volle geleentheid te gee vir optimale verwerkliking van vermoëns en talente op alle opvoedkundige terreine waarop die skool hom mag begeef;

- aan elke leerder die geleentheid te gee om hom / haar maksimaal voor te berei vir die volwasse lewe en hulle by te staan in die verkryging van vaardighede en kennis sodat elke leerder ‘n produktiewe bydrae in ons demokratiese samelewing kan lewer;
- aan elke leerder sekuriteit en geborgenheid te bied in die skoolgemeenskap as 'n unieke individu met sy / haar besondere eienskappe en behoeftes;
- die kansvatter en ongedissiplineerde leerder roep tot verantwoordelikheid.

Daar moet gedurig gestreef word om die negatiewe karaktertrekke by leerders af te keer en positiewe eienskappe aan te moedig en die leerders te verseker van liefde en respek.

Die gedragskode vir leerders poog ook om ‘n historisiteitsbeeld van elke leerder daar te stel, hetsy positief of negatief na die leerder se aard.

Die gedragskode vir leerders verwag van elke leerder om altyd te doen wat behoorlik is as bewys van sy vordering op die opvoedingspad wat met hom / haar geloop word

Die gedragskode vir leerders wil ook die leerder wat ernstige gedragsafwykings openbaar en ander leerders negatief beïnvloed, identifiseer, vermaan en begelei ten einde sy gedrag te verbeter. Indien sy gedrag nie verbeter nie, kan so ‘n leerder geïsoleer [geskors] word ten einde sy / haar invloed te minimaliseer op die ander leerders.

4. RASIONAAL VIR DIE GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

Die rasionaal van die gedragskode vir leerders is daarop gebaseer dat die skool ‘n plek van waardes is wat gedemonstreer word deur wedersydse respek, ondersteuning

en agting vir elke individu. Die skool behoort aan almal en ons deel dieselfde positiewe waardes. Strategieë is in plek om negatiewe gesindhede te ondervang en te verander in positiewe ingesteldhede. Die toepassing van beleid en die uitvoering van korrekte prosedures sal in elke klaskamer funksioneer om mee te werk om 'n rustige leeromgewing daar te stel.

5. DIE DOEL MET DISSIPLINE IN DIE SKOOL

Die doel met dissipline is om die leerders te ondersteun om emosioneel en intellektueel te groei sodat hulle gesonde opvattinge oor hulleself kan vorm en die innerlike oortuiging kan verkry van die waarde van selfdissipline wat lei tot persoonlike integriteit en uitnemendheid. Dit verbeter gedrag en voorkom oortredings. Hierin moet ouerhuis en skool doelgerig saamwerk.

Met die hulp van die ouers moet 'n sterk pligsbesef by leerders gekweek en ontwikkel word om swak prestasie en onaanvaarbare gedrag uit te skakel.

Aangesien goeie dissipline voordelig is vir die skool en sy leerders, moet daarop gelet word dat die skoolreëls dissipline ondersteun. Die opvoeders en leiers moet die skoolreëls konsekwent toepas sodat die leerders ervaar dat daar binne die sisteem respek en deernis vir die individu bestaan.

6. VOOGSTELSEL

Om bogenoemde doelstellings te kan bereik is 'n effektiewe voogstelsel noodsaaklik wat sal bestaan uit die volgende fasette:

- Registerklasse met elk 'n voogopvoeder of klasvoog
- Graadhoofde
- Adjunkhoof

- Hoof
- Buitemuurse aktiwiteite organiseerders
- Buitemuurse aktiwiteite afrigters
- Opvoeders
- Ouers
- Leerderleiers

7. WAT VERWAG DIE GEDRAGSKODE VAN DIE LEERDERS?

- Die gewilligheid om by die skool in te skakel en die gebruike en reëls van die skool te gehoorsaam.
- Om die skoolreëls te ken en dit te gehoorsaam;
- Om aktief deel te neem aan die leergebeure binne die klas en nie steurend in te werk op die leergebeure nie;
- Pligsgetroue skoolbesoek en gereelde deelname / bywoning van die skool se buite-kurrikulêre program;
- Die strewe na akademiese vordering en prestasie;
- Gebruik van die skoolgeriewe met uiterse sorg;
- Om die voorgeskrewe skooldrag te dra en 'n netjiese voorkoms te vertoon;
- Om nie met oortreders saam te werk nie, maar eerder om hulle uit te wys;
- Om ordereëls vir die handhawing van goeie dissipline en orde na te kom;
- Om die skool se etos met trots uit te leef;
- Om die regte van ander te erken en te respekteer en erkenning te gee aan multikulturaliteit en andersheid;
- Om skoolreëls te gehoorsaam gedurende sosiale byeenkomste / na-ure op die skoolterrein;

- Pligsgetrou skoolwerk te doen en om huiswerk en opdragte noukeurig uit te voer (dit sluit in werk wat agterstallig is as gevolg van leerder se afwesigheid);
- Om die skool se opvoeders te respekteer en te onderneem om heelhartig saam te werk in alle redelike opdragte wat hulle van opvoeders mag ontvang;
- Respek vir nie-opvoeders en besoekers aan die skool;
- Om vir die genot aan sport te speel en nie in konflik / onderonsies betrokke te raak nie;
- Verskille met beamptes / skeidsregters op die baan met die kaptein of afrigter te bespreek;
- Om goeie sportmangees te beoefen en erkenning te gee aan alle spelers vir goeie spel;
- Om nie opponente te beledig nie;
- Om nie ander se eiendom te neem, beskadig of steel nie.

8. BEMAGTIGING VAN DIE PERSONEEL

Hierdie gedragskode vir leerders wil elke personeellid so bemagtig om die leerder wat steurend of ontwrigtend en tydverkwistend inwerk op die leergebeure in die klas dissiplinêr vinnig en effektief te hanteer op een van die aanbevole wyses volgens die vereistes van die situasie:

- Mondelinge waarskuwing;
- Skriftelike waarskuwing aangeteken in die leerder se dagboek;
- Toeken van debietpunte deur middel van ‘n strafbrief;
- Telefoniese kontak met die leerder se ouers / voog;
- Die leerder uit sy / haar klas te sluit totdat versuim / oortreding reggestel is of onderneming deur leerder gegee word om gesindheid te wysig; (Tydelike uitsluiting moet gerekordeer word.)

- Rapportering aan die betrokke voogopvoeder, graadhoof, adjunkhoof of hoof vir hantering.

Elke opvoeder sal by die skool as “In loco parentis” oor dieselfde regte beskik as die ouer van die kind. Waar daar redelike vermoede en voldoende inligting bestaan, het die skoolhoof of ‘n opvoeder die wetlike bevoegdheid om enige leerder of eiendom in besit van die leerder te laat deursoek vir 'n gevaarlike wapen, vuurwapen, dwelms, of 'n skadelike gevaarlike middel, gesteelde eiendom of pornografiese materiaal wat op die skooleiendom gebring word.

Elke personeellid het die gesag om 'n aantekening van positiewe of negatiewe gedrag in die dagboek te maak.

9. BEMAGTIGING VAN DIE LEERDERLEIERS EN KLASLEIERS

Leerderleiers het die gesag om 'n leerder wat 'n skoolreël oortree te hanteer op een van die volgende wyses soos wat hy / sy oordeel die beste vir die situasie is:

- 'n Vermaning te gee;
- ‘n Mondelinge waarskuwing te rig;
- Die oortreding te rapporteer by die leiervoog, klasvoog, graadhoof, adjunkhoof of hoof vir hantering.

10. DIE REGTE VAN LEERDERS

Leerders geniet verskillende regte onder die handves van menseregte. Hulle kan onder andere aanspraak maak op die volgende regte:

- Deursigtigheid in al die prosesse van die skool;
- Demokratiese handeling;
- Gelyke behandeling;

- Nie-diskriminasie op grond van ras, geloof of kultuur;
- Privaatheid en die reg om privaat eiendom na die skool te bring;
- Respek en menswaardige behandeling;
- Geen geweld of bedreiging vir die veiligheid van die persoon;
- Vryheid van spraak;
- Sekuriteit en beskerming in geval van noodsituasies;
- Die reg om nie nalatig behandel te word nie;
- Die reg om goeie onderrig te kry;
- Die reg op deelname in die skool aktiwiteite;
- Vryheid van uitdrukking en reg om te demonstreer.

Geeneen van hierdie regte is egter "absoluut" nie en word beperk deur die regte van ander individue, die regte van die opvoeders asook die regte van die groep.

11. VERWAGTING OOR DIE ROL VAN DIE OUERS/VOOGDE

Die finale verantwoordelikheid vir die gedrag van leerders berus by hulle ouers of voogde. Die ouer/voog is verantwoordelik vir die dade, optrede, skade van die minderjarige kind.

Daar word ook van die ouers/voogde verwag dat hulle die skool aansoekvorm om toelating sal onderteken en sal onderneem om te verseker dat hulle kind alle skoolreëls en regulasies van die skool sal nakom. Ouers/voogde aanvaar ook die verantwoordelikheid vir enige wangedrag aan hulle kind se kant en hulle onderneem om ‘n lewendige belangstelling te toon in hulle kind se skoolwerk en vordering. Ouers/voogde onderneem ook om dit vir die kind moontlik te maak en toe te sien dat huiswerk en opdragte wat aan die kind opgedra is, betyds te voltooi vir aanbieding en inhandiging in die klas.

12. VOORVEREISTES VIR GOEIE DISSIPLINE IN DIE KLAS

- Wees voorbereid op jou dagtaak.
- Wees altyd in jou klas.
- Pasop vir dreigemente wat jy nie kan uitvoer nie.
- Sorg dat ‘n straf wat jy verkondig uitvoerbaar is.
- Moenie leerders rondstuur nie.
- Werk vir die volle duur van die periode.
- Assesseer leerders behoorlik. Hulle moet weet waaroor elke asssessering handel met die aanvang van die assesseringsproses.
- Onnodige afwesigheid van ‘n personeellid skep dissiplinêre probleme. Wees elke dag op jou pos as dit vir jou fisies moontlik is.

13. DIE IMPLIMENTERING VAN ‘N PUNTESTELSEL

Die afskaffing van lyfstraf in die skool, het groot druk op personeellede geplaas om dieselfde onderrigklimaat te behou. Dit bring mee dat daar 'n werkbare alternatief gevind moes word vir die toepassing van dissipline. Gesien in die lig dat skole toenemend meer voor die hof gedaag word oor die hantering van insidenteringsgevalle, is daar op 'n kwantitatiewe debiet - en kredietpuntestelsel besluit om leerders met gedragsuitvalle betyds te identifiseer en verder te hanteer, asook om goeie gedrag en werk te beloon.

Die doel van die stelsel is enersyds om negatiewe gedragspatrone te ontmoedig of te ondervang, maar andersyds ook om vir leerders as aansporing te dien om 'n positiewe kredietrekords op te bou.

13.1. Verwerwing van kredietpunte

Die dissiplinêre beleid maak voorsiening vir die toekenning van kredietpunte aan leerders wat goed presteer in die klas, of wat aaneenlopend goeie werk lewer of wie se gedrag prysenswaardig is.

Beskrywing	Punt
100 % skoolbywoning (per kwartaal)	+10
Deurlopende samewerking	+10
Eerlikheid (handig waardevolle items in wat opgetel is soos geld)	+10
Goeie gedrag	+10
Goeie vordering	+10
Hoof se plakker vir goeie werk / toets / vordering	+10
Hulpvaardig	+10
Leergierig (doen meer as wat die opdrag vra / besonderse moeite)	+10
Pligsgetrou	+10
Ruim op na funksie / byeekoms / terrain / kleedkamers	+10
Bywoning van byeenkoms / aktiwiteit / ekstra klas	+10

13.2. Toekenning van dissipline punte

Ten einde 'n duidelike beeld van 'n differensieerde benadering ten opsigte van oortredings daar te stel, word alle oortredings as volg uiteengesit:

KLASREëLS:	
Beskrywing	**Punt**
Boeke / skrifte nie by die skool nie	-20
Eet en drink gedurende klastyd (kougom ingesluit)	-10
Gebruik selfoon gedurende skoolure	-20
Huiswerk nie gedoen nie	-20
Huiswerk nie by die skool nie	-20
Huiswerk boek nie geteken nie	-10
Klasreels word nie grhoorsaam nie	-10
Laat vir klas	-20
Speel met speelgoed tydend klastyd	-10

Skiet met rekkies	-10
Toetse / opdragte nie geteken nie	-10
Tree minagtend op teenoor personeel	-20
Wangedrag in die klas	-20
SKOOLREëLS	
Veiligheid: Wag nie by aangewese plekke na skoolure nie	-20
Veiligheid: In besit van verbode middels / drank / wapens	-100
Veiligheid: Seksuele teistering	-200
Vervalsing van ouerhandtekening	-100
In besit van pornografiese materiaal	-100
Laat vir skool	-10
Steel	-100
Versuim om detensie te sit	-100
Vertel leuns	-20
Veiligheid: Gebruik nie die skoolpatrollie nie	-10
Veiligheid: Gooi skerp / gevaarlike voorwerpe	-100
Veiligheid: Verlaat skoolterrein sonder toestemming gedurende skoolure	-100
Voorkoms: Gewone klere nie volgens voorskrifte nie	-10
Voorkoms: Netheid by dogter / seun nie volgens skoolreels nie	-10
Voorkoms: Provinsiale krere nie volgens voorskrifte nie	-10
Voorkoms: Vrydag drag nie volgens voorskrifte nie	-10
Afskryf van huiswerk / opdragte	-100
Buite klas sonder toestemmingskaartjie	-10
Fiesiese baklei	-100
In eksamen of toets bedrieglik optree	-100
Mediaboeke nie betyds ingehandig nie	-10
Nie by regte indeelklas tydens toesig nie	-20
Ry op fiets / skaatsplank / rollemskaatse ens. Op skool terrein	-20
Skeurbriewe / siekbriewe / dokkumentasie word nie ingehandig nie	-10
Sonder toesig in die saal	-20
Sonder toestemming in die klas (enige tyd)	-10
Speel nie op die regte plek nie	-10
Stokkiesdraai	-100
Beledig ander	-20
Vloek / onwelvoeglike taal	-20
Tasse nie by die regte plek nie (voor skool / pouse)	-10
Vandalisme	-100
Viktimiseer ander	-100

Wangedrag in kleedkamer	-10
Wangedrag in saal	-10
Wangedrag op stoepe	-10
Wangedrag tydens aanttreded of verdaging	-10

14. DISSIPLINÊRE PROSEDURE

Ten einde te verseker dat die toepassing van die dissiplinêre beleid tot sy volle konsekwensies deurgetrek word, is dit belangrik dat die dissiplinêre program op 'n doeltreffende wyse bestuur sal word. Die voorkoms, hantering en afhandeling van insidente behoort op so 'n wyse te geskied dat die maksimum effek daardeur verkry word, sonder om die klasonderwyser so te belas deur die administratiewe hantering daarvan, dat die normale klaskamerpraktyk in die proses skipbreuk ly.

Wanneer 'n leerder 'n inskrywing teen hom / haar kry, word dit ingelees op die skoolstelsel. Sover dit moontlik is, sal 'n SMS outomaties aan die ouer gestuur word (mens kan nie altyd op tegnologie staatmaak nie, maar korrespondensie sal wel na die ouer uitgaan soos verder beskryf).

Oortredings word deur 'n onderwyser aangeteken. 'n Brief vir kennisname word aan ouers gestuur wanneer 'n leerder 60 punte in totaal het. Die ontvangs- erkenning word teruggestuur aan die betrokke voogonderwyser/es.

Wanneer 'n totaal van 120 punte bereik word, word 'n brief aan die ouer/voog gestuur.
Die brief word deur die Departementshoof Opvoedkundige Leiding (DOL) gestuur. Ouer teken die brief en stuur terug na die leerder se voogonderwyser.

15. STRAFMAATREËLS

Detensie vind plaas indien leerder 200 punte het. Detensie vind plaas op Vrydae vanaf 13:45 tot 15:45 en die ouer ontvang 'n brief om die DOL te kom spreek. Daar sal aangedui word waar die leerders detensie sit.

Wanneer 'n leerder drie keer detensie gesit het, word die ouer/voog genooi vir 'n afspraak met die skoolbestuur.

Na nog 'n verdere 200 punte, word die ouer/voog genooi vir 'n afspraak met die Beheerliggaam.

Indien daar geen verbetering plaasvind nie, kan 'n kennisgewing vir dissiplinere verhoor aan die ouer/voog gestuur word. Die brief bevat die datum, plek en tyd van die verhoor. Die ontvangserkenning word teruggestuur aan die betrokke voogonderwyser/es.

Tydelike skorsing aan sekere skoolaktiwiteite of periodes as die leerder se gedrag by die aktiwiteit tot nadeel van die aktiwiteit of periode is of tydelike skorsing van skoolaktiwiteite (soos sportaktiwiteite, kulturele bedrywighede of gebruik van die mediasentrum).

Behoudend die Onderwyswet en enige toepaslike provinsiale wet, kan die Beheerliggaam van 'n openbare skool, na 'n regverdige verhoor, 'n leerder skors van bywoning van die skool as 'n korrektiewe maatreël vir 'n tydperk wat nie een week te bowe gaan nie; of in afwagting van 'n beslissing deur die skoolhoof of die leerder uit die skool gesit moet word. Die doel met die strafmaatreël is rehabilitasie en 'n leerder

word by sy terugkeer na die skool onder waarneming geplaas ten opsigte van sy/haar gedrag.

Ten einde reg aan elke individu te laat geskied, behoort die volgende riglyne in die toepassing van die disipline puntestelsel gevolg te word:

- Daar mag nie in die toekoms teen 'n leerder onredelik gediskrimineer word oor oortredings in die verlede nie.
- Onderwysers sal streng onderskeid moet tref tussen menslike foute (byvoorbeeld eenmalige vergeet van 'n boek) en chroniese of moedswillige optrede deur die leerder.
- Leerders kan nie aanspreeklik gehou word vir oortredinge wat spruit uit swak, onvoldoende dissipline en nalatigheid aan die kant van 'n onderwyser nie, soos byvoorbeeld laatkommery in klas, afwesigheid uit die klas, swak kommunikasie met die leerders, swak persoonlikheidstrekke, swak/geen klasbeheer of onvoldoende voorbereiding nie.

In die bereiking van bogenoemde ideale, is dit belangrik dat daar duidelike riglyne sal geld wat die ordelike gang van sake sal verseker. Derhalwe is dit van deurslaggewende belang dat die skoolreëls:

- Sal dien as riglyne vir aanvaarbare gedrag en optrede;
- Aan elke kind en onderwyser bekend sal wees;
- Jaarliks hersien en, indien nodig, aangepas sal word;
- Aan elke leerder wat nuut inskryf by die skool, voorsien word;
- Deur alle ouers van leerders in die skool erken sal word deur die handtekening wat ouers op die inskrywingsvorm aanbring wanneer hulle kinders by die skool inskryf en dat hulle kinders hulle sal onderwerp aan die skoolreëls en wat die skoolreëls ookal impliseer.

16. DIE OMVANG VAN DIE SKOOLREËLS

Ten einde aan die verwagting te voldoen, is dit belangrik dat die daarstelling van skoolreëls so omvattend moontlik gedoen word. Die bedoeling hiermee is nie om die leerders te probeer "uitvang" nie, maar om te verseker dat die toepassing van dissipline konsekwent en deursigtig sal geskied. Onaanvaarbare gedrag wat nie deur die skoolreëls aangespreek word nie, lei tot verwarring by die kind - wat nie bevorderlik is vir die daarstelling van 'n eie normatiewe verwysingsraamwerk by die kind-in-wording nie.

Sien Bylae C vir 'n volledige opgaaf van die Laerskool Tuine se skoolreëls.

17. DIE DISSIPLINÊRE VERHOOR

17.1. Inleiding

Hierdie gedragskode vir leerders is die uitvloeisel van werksessies en samesprekings tussen personeel, ouers en Beheerliggaamlede. Die Beheerliggaam van die skool het die gedragskode vir leerders goedgekeur en aanvaar dit as 'n beleidsdokument van die skool wat bepaal:

- die gedrag van ‘n leerder by ‘n openbare skool wat as ernstige wangedrag beskou word;
- dissiplinêre handelinge wat in sulke gevalle gevolg moet word;
- die behoorlike regsproses wat die belange van leerders en enige ander party betrokke by dissiplinêre verrigtinge beskerm.

Elke situasie moet op meriete hanteer word. Hulpgewing aan en rehabilitering van leerders word vooropgestel. Toepassing van tug mag slegs geskied nadat skuld bo alle twyfel vasgestel is. Tydelike uitsluiting is dadelik van krag vir alle fasette van

skoolaktiwiteite. Alle tugstappe sal op die leerder se persoonlike rekord aangeteken word. Leerder en ouers moet altyd ten opsigte van moontlike tugstappe ingelig word wat met die volgende oortreding sal volg.

17.2. Wangedrag van leerders by openbare skole en dissiplinêre handelinge.

Woordomskrywing:

(1) Behoudens sub paragraaf (2) en tensy dit uit die samehang anders blyk het 'n woord wat in artikel 1 van die Suid-Afrkaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) omskryf is, dieselfde betekenis in hierdie gedragskode vir leerders.

(2) In hierdie gedragskode vir leerders, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken-

"**aanklaer**" die hoof van die skool of 'n opvoeder wat deur die hoof aangestel is om die saak teen 'n leerder te stel;

"**die Wet**" die Suid-Afrikaanse Skolewet 1998 (Wet 84 van 1996);

"**dissiplinêre komitee**" 'n dissiplinêre komitee in gevolge paragraaf 4 aangestel;

"**ernstige wangedrag**" wangedrag soos in bylaes 1 en 2 vervat;

"**kode**" die gedragskode van die skool;

"**skooldae**" dae van die week uitgesonder Saterdae, Sondae openbare vakansie dae en skoolvakansies

"**skorsing**"-

(a) dat 'n leerder nie geregtig is om 'n klas by die skool by te woon nie;

(b) dat 'n leerder vir die tydperk van die skorsing nie geregtig is om 'n amp te beklee of enige pligte en funksies in enige toepaslike wet rakende skoolbeheer bedoel, te verrig nie;

(c) dat 'n leerder nie geregtig is om aan buitekurrikulêre aktiwiteite by die skool deel te neem nie; of (d) dat 'n leerder vir 'n tydperk van hoogstens een week nie die skool mag bywoon nie;

en het "**skorsing** " 'n ooreenstemmende betekenis;

"**verteenwoordiger**" 'n ouer van 'n leerder, 'n medeleerder of enige ander persoon wat deur die leerder verkies is om die leerder by 'n dissiplinêre verhoor te verteenwoordig;

"**voorlopige skorsing**" dat 'n leerder voorlopig geskors kan word deur die hoof vanaf die tyd wanneer aanklagte van ernstige wangedrag teen 'n leerder aanhangig gemaak is totdat die uitslag van 'n billike verhoor deur 'n dissiplinêre komitee gefinaliseer is indien, na die mening van die hoof in oorleg met die Departementshoof, dit in belang van die leerder of opvoeders en die skoolgemeenskap is: Met dien verstande dat die leerder onder behoorlike toesig met skoolwerk kan voortgaan; en

"**wangedrag**" wangedrag wat deur 'n leerder begaan is en sluit dit die volgende in:

(a) wangedrag wat op die perseel van 'n skool begaan is, hetsy tydens of buite skoolure;

(b) wangedrag wat buite enige skoolaktiwiteit begaan is, ongeag of dit binne of buite die skoolperseel en tydens of buite skoolure begaan is; en

(c) enige gedrag wat in of sonder skooluniform en binne of buite die skoolperseel begaan is

i. wat die skool 'n slegte naam kan gee;

ii. inmeng met die bestuur, gesag en behoorlike administrasie van die skool;

iii. inmeng met die toestande wat nodig is vir enige skoolaktiwiteit;

iv. behoudens die redelike uitoefening van die reg om te vergader, te betoog, 'n betooglinie te vorm en petisies voor te lê soos in die Grondwet, 1996, en die kode bepaal, begaan word met die doel om enige persoon te verhinder om sy of haar regte, bevoegdhede of pligte as 'n lid van die skoolgemeenskap uit te oefen, of begaan word ter vergelding van sodanige uitoefening; of

v. deur die kode van die skool verbied word.

17.3. Toepassing

A: Hierdie gedragskode vir leerders is van toepassing op 'n leerder wat ten tyde van die wangedrag wat die leerder na bewering begaan het, aan die dissipline van die skool onderworpe was.

B: 'n Leerder is aan die dissipline van die skool onderworpe indien die leerder as 'n leerder by 'n skool geregistreer is.

C: Instelling van dissiplinêre handelinge wat skorsing of uitsetting tot gevolg kan hê.

(1) Net die hoof kan dissiplinêre stappe teen 'n leerder doen ten opsigte van ernstige wangedrag.

(2) Die hoof kan dissiplinêre stappe teen 'n leerder doen ten opsigte van ernstige wangedrag slegs indien

(a) daar voldoende getuienis is om sodanige stappe te doen;

(b) die hoof dit in belang van die skool en sy gemeenskap ag dat sodanige dissiplinêre stappe gedoen moet word.

(3) Geen leerder mag uit die skool gesit word nie tensy-

(a) die leerder skuldig bevind word aan ernstige wangedrag in bylae B van hierdie gedragskode vir leerders gespesifiseer;

(b) die bepalings rakende uitsetting nagekom word.

(4) Leerders wat skuldig bevind is aan ernstige wangedrag in Bylae A van hierdie gedragskode vir leerders gespesifiseer, mag nie uitgesit word nie maar mag net geskors of voorlopig geskors word.

(5) Die Departementshoof kan in uitsonderlike omstandighede 'n afwyking van subparagrawe (3) en (4) magtig.

D: Dissiplinêre komitee vir ernstige wangedrag

(1) By kennisgewing deur die hoof aan 'n leerder dat dissiplinêre stappe teen daardie leerder gedoen word, moet die beheerliggaam 'n dissiplinêre komitee aanstel en een van die lede van die dissiplinêre komitee as voorsitter aanwys om die bewering van ernstige wangedrag te bereg.

(2) Behoudens subparagraaf (3) bestaan die dissiplinêre komitee uit drie persone wat of lede van die beheerliggaam is of persone is wat kwalifiseer vir verkiesing tot lede van die beheerliggaam.

(3) Die aanstelling van persone in 'n dissiplinêre komitee is aan die volgende voorwaardes onderworpe:

(a) Die voorsitter van die dissiplinêre komitee moet 'n ouerlid of gemeenskapslid van die beheerliggaam wees;

(b) die hoof of 'n leerder van die skool mag nie lede van die dissiplinêre komitee wees nie; en

(c) geen persoon mag in die dissiplinêre komitee aangestel word nie indien die persoon persoonlike kennis van of enige belang by enige aangeleentheid voor die dissiplinêre komitee het.

E: Prosedure vir verhoor van ernstige wangedrag

(1) 'n Leerder wat van ernstige wangedrag aangekla ward, is geregtig op 'n verhoor wat deur die dissiplinêre komitee bereg word.

(2) 'n Leerder wat van ernstige wangedrag aangekla word, moet minstens 5 (vyf) skooldae skriftelike kennis gegee word van die verhoor vir die beweerde wangedrag, tensy (a) die beheerliggaam om goeie redes gelas dat 'n korter kennistydperk moet geld; (b) en die leerder nie deur die korter kennistydperk benadeel sal word nie.

(3) Die kennisgewing in subparagraaf (2) bedoel, moet –

(a) voldoende besonderhede bevat van die datum, plek en aard van die beweerde ernstige wangedrag sodat die leerder die onderhawige voorval kan identifiseer en daarop kan reageer;

(b) die leerder in kennis stel van die aanklagte, plek, datum en tyd van die verhoor;

(c) die leerder in kennis stel van voorlopige skorsing, indien wel, die redes daarvoor en enige ander aangeleentheid wat in verband met die voorlopige skorsing nodig is;

(d) en die leerder in kennis stel van die regte van 'n leerder hierkragtens.

(4) Die hoof moet die kennisgewing in subparagraaf (2) bedoel, aan die leerder gee en 'n afskrif daarvan aan die ouers van die leerder lewer by die adres van die leerder soos in die skoolregister aangedui.

(5) Minstens een van die ouers van die leerder moet die leerder by die verhoor vergesel, tensy die leerder 21 (een en twintig) jaar of ouer is.

(6) Indien 'n lid van die dissiplinêre komitee, die leerder, sy of haar verteenwoordiger of 'n getuie 'n tolk benodig, mag die dissiplinêre komitee nie met die verhoor begin nie alvorens 'n tolk wat in die betrokke taal vaardig is, beskikbaar gestel is: Met dien verstande dat dit nie nodig is om van ‘n formeel gekwalifiseerde tolk gebruik te maak nie.

(7) Indien die leerder versuim om voor die dissiplinêre komitee te verskyn na behoorlike kennisgewing ingevolge subparagraaf (2) en sonder gegronde rede vir versuim om die verhoor by te woon, kan die verhoor in afwesigheid van die leerder voortgaan.

(8) Die dissiplinêre komitee moet 'n volledige en akkurate rekord van alle verrigtinge voor hom hou.

(9) Die aanklaer moet die verrigtinge by die verhoor begin deur die aanklag teen die leerder uiteen te sit en daarna die saak teen die leerder te stel.

(10) Die voorsitter van die dissiplinêre komitee moet die leerder vra of die leerder skuldig of onskuldig pleit op die aanklag. Die leerder moet daarop antwoord. Indien die leerder versuim om te antwoord, word die leerder geag onskuldig te gepleit het op die aanklag.

(11) Indien die leerder skuldig pleit op die aanklag-

(a) moet die voorsitter die leerder ondervra met verwysing na die beweerde feite wat die wangedrag uitmaak, soos deur die aanklaer uiteengesit, ten einde die dissiplinêre komitee te oortuig dat die leerder inderdaad skuldig is aan die aanklag;

(b) moet die voorsitter, indien dit tydens die ondervraging van die leerder blyk dat die leerder se weergawe wesenlik verskil van die feite soos deur die aanklaer uiteengesit, of indien die voorsitter nie oortuig is dat die leerder skuldig is aan die aanklag nie, 'n pleit van onskuldig ten opsigte van die aanklag namens die leerder aanteken;

(c) moet die dissiplinêre komitee, indien die dissiplinêre komitee of die meerderheid van sy lede oortuig is dat die leerder skuldig is aan die aanklag, die leerder skuldig bevind aan die aanklag.

(12) Indien die leerder onskuldig pleit op die aanklag:

(a) kan die aanklaer getuies roep of ander getuienis onder eed aanbied ten opsigte van die bewerings teen die leerder;

(b) kan die leerder of die verteenwoordiger van die leerder enige getuie ondervra en enige getuienis wat deur die aanklaer aangebied is, ondersoek;

(c) kan die leerder of die verteenwoordiger van die leerder, nadat al die getuienis teen die leerder aangebied is, getuies roep of ander getuienis onder eed aanbied ter stawing van die verdediging;

(d) kan die aanklaer enige getuie ondervra en enige getuienis wat namens die leerder aangebied is, ondersoek;

(e) kan die dissiplinêre komitee te eniger tyd enige getuie ondervra of enige getuienis ondersoek;

(f) kan eers die aanklaer en dan die leerder of die verteenwoordiger van die leerder, nadat al die getuienis aangebied is, die dissiplinêre komitee toespreek oor die skuld al dan nie van die leerder;

(g) moet die dissiplinêre komitee daarna die verhoor verdaag. Die aanbeveling van die die dissiplinêre komitee moet skriftelik oorgedra word aan die beheerliggaam wat die beslissing moet handhaaf of ter syde stel;

(h) en moet die dissiplinêre komitee op die tyd en plek in subparagraaf (g) bedoel, die leerder in kennis stel van die uitslag van die beheerliggaam.

(13) Indien die leerder skuldig bevind word aan die aanklag, kan die aanklaer en die leerder of die leerder se verteenwoordiger bewys aan die dissplinêre komitee lewer wat relevant is tot 'n toepaslike straf, wat kan insluit maar nie beperk is nie tot bewys van die persoonlike omstandighede van die leerder, die leerder se algehele rekord van gedrag in die verlede by sy skool, die aard en erns van die onderhawige wangedrag en die belange van die skoolgemeenskap.

(14) onmiddellik nadat enige bewys wat kragtens subparagraaf (13) gelewer is, moet die dissiplinêre komitee 'n straf aan die leerder oplê kragtens die gedragskode vir leerders, en die leerder skriftelik daarvan verwittig.

(15) Indien die die beheerliggaam besluit dat die leerder uit die skool gesit moet word, moet dit 'n aanbeveling in die verband aan die Afdelingshoof maak en kan die komitee, in oorleg met die Afdelingshoof, die leerder van die skool skors, hangende die beslissing van die Afdelingshoof of die leerder uit die skool gesit moet word.

F: Nog bepalinge met uitsetting

(1) Waar 'n dissplinêre komitee kragtens subparagraaf 5 (15) 'n leerder verbied om die skool by te woon met die oog op uitsetting deur die Afdelingshoof, moet die dissiplinêre komitee die skoolhoof opdrag gee om die volledige rekord van verrigtinge aan die Afdelingshoof voor te lê asook 'n verslag wat opgestel is deur die dissiplinêre komitee ten opsigte van die leerder.

(2) Die verslag in subparagraaf (1) bedoel moet ten minste die volgende insluit-

(a) die volle naam geboortedatum en graad van die leerder;

(b) 'n opsomming van die bewys wat deur die aanklaer en die eerder gelewer is; en

(c) 'n opsomming van die bevindings van die dissiplinêre komitee met betrekking tot die bewys en die vonnis wat deur die komitee voorgestel is.

(3) Nadat die volledige rekord van die verrigtings en die verslag in sub- paragraaf (1) bedoel, en binne 5 (vyf) dae nadat die Afdelingshoof van die beslissing van die dissiplinêre kornitee in kennis gestel is, moet hy:

(a) die leerder uitsit;

(b) 'n geringer straf soos deur die gedragskode vir leerders toegelaat aan die leerder oplê; of

(c) die leerder onskuldig bevind; en die regerende liggaam, die leerder, die ouers en die verteenwoordiger van die leerder in kennis stel van die beslissing deur, in die geval van die leerder, ouers en verteenwoordiger, 'n afskrif van die kennisgewing te lewer by die leerder se adres soos in die skoolregister aangedui.

(4) Die kennisgewing soos in subparagraaf (2) bedoel, moet 'n verwysing insluit na die reg tot 'n appel tot die Lid van die Uitvoerende Komitee indien die Afdelingshoof 'n leerder uitsit.

(5) Indien die Afdelingshoof 'n leerder uitsit wat die verpligte skoolouderdom bereik het, moet die Afdelingshoof –

(a) verseker dat die leerder by 'n ander skool of leersentrum in die provinsie toegelaat word;

(b) daarop aandring dat die leerder berading ontvang; en

(c) gereelde vorderingsverslae ontvang ten opsigte van enige berading soos in paragraaf (b) bedoel.

(6) Indien die Afdelingshoof 'n leerder uitsit wat nog nie die verpligte skoolouderdom bereik het nie, kan die Afdelingshoof gelas dat die leerder nie by 'n ander skool in die Provinsie hertoegelaat word nie.

G: Appel teen beslissing van die Afdelingshoof om 'n leerder uit te sit.

(1) 'n Leerder of die ouer van 'n leerder kan 'n appel rig tot die Lid van die Uitvoerende Raad teen:

(a) enige skuldbevinding deur die Afdelingshoof ten opsigte waarvan 'n straf of uitsetting opgelê is

(b) 'n boete wat deur die Afdelingshoof opgelê is; en

(c) 'n bevel deur die Afdelingshoof kragtens subparagraaf 6 (5).

(2) 'n Leerder of die ouer van 'n leerder wat teen 'n beslissing wil appelleer soos in subparagraaf (1) oorweeg, moet binne 14 (veertien) dae van die verwittiging kragtens subparagraaf (2) van die beslissing, 'n kennisgewing van appel tesame met die gronde vir die appel per hand aan die kantoor van die Lid van die Uitvoerende Raad lewer.

(3) Tensy die Lid van die Uitvoerende Raad op gegronde rede dit andersins gelas, sal die aantekening van 'n appel nie tot gevolg hê die opskorting van die boete wat deur die Afdelingshoof opgelê is nie.

(4) Binne 5 (vyf) dae vanaf ontvangs van die kennisgewing van appel, moet die Lid van die Uitvoerende Raad die Afdelingshoof en die regerende liggaam in kennis stel van die aantekening van die appel en hulle van 'n afskrif daarvan voorsien.

(5) Binne 5 (vyf) dae van die ontvangs van die kennisgewing van appel deur die Lid van die Uitvoerende Raad, kan die Afdelingshoof en die regerende liggaam skriftelik op die kennisgewing van appel reageer en die redes stel waarom die appel afgewys moet word.

(6) Binne 5 (vyf) dae van ontvangs van die voorleggings in subparagraaf (5) bedoel, moet die Lid van die Uitvoerende Raad:

(a) die appel afwys;

(b) die leerder 'n geringer straf kragtens die gedragskode vir leerders oplê;

(c) enige ander strafbepaling wat deur die Lid van die Uitvoerende Raad as geskik geag word, oplê; of

(d) die leerder onskuldig bevind en die leerder, ouers en die verteenwoordiger van die leerder en die Afdelingshoof van die beslissing verwittig.

(e) Die beslissing deur die Lid van die Uitvoerende Raad ten opsigte van die appel sal finaal wees.

BYLAE A

ERNSTIGE WANGEDRAG WAT SKORSING TOT GEVOLG KAN HÊ

'n Leerder sal aan ernstige wangedrag skuldig wees indien hy of sy opsetlike en sonder gegronde rede:

1. leer of onderrig in 'n klas ernstig bedreig, ontwrig of frustreer,
2. aan 'n sameswering deelneem om die behoorlike funksionering van die skool deur kollektiewe aksie te ontwrig;
3. die waardigheid van enige leerder aantas of enige leerder of ander persoon belaster, waaronder ook die maak van rassistiese aanmerkings;
4. enige toets- of ekamenmateriaal versprei of besit wat iemand anders in staat kan stel om 'n onregverdige voorsprong in 'n toets of eksamen te kry
5. in 'n toets of eksamen of enige ander vorm van beoordeling, soos take, kul; aan enige daad van openbare onsedelikheid deelneem;
6. iemand anders seksueel teister;
7. in besit gevind word van of pornografiese materiaal of dit versprei; of
8. onder die invloed is van, of in besit is van alkohol.

BYLAE B

ERNSTIGE WANGEDRAG WAT UITSETTING TOT GEVOLG KAN HÊ

'n Leerder sal skuldig wees aan ernstige wangedrag indien hy of sy :

1. skuldig bevind word aan wangedrag soos in Bylae1 bedoel nadat hy aan dieselfde of soortgelyke wangedrag skuldig bevind is by twee vorige geleenthede;
2. versuim om te voldoen aan 'n straf of skorsing as 'n korrektiewe maatreël;
3. opsetlik en sonder gegronde rede
4. enige dokument of handtekening vervals waar dit potensieel of werklik tot nadeel van die skool kan wees;
5. in enige toets of eksamenvraestel of in enige toets of eksamenmateriaal handel dryf;
6. poog om enige persoon om te koop of enige persoon omkoop ten opsigte van enige toets of eksamen of homself om haarself of 'n ander persoon in staat te stel om onregverdig voordeel daaruit te trek;
7. aan bedrog deelneem;
8. aan diefstal deelneem, of andersins oneerlik optree tot nadeel van 'n ander persoon;
9. in besit is van, gebruik maak van of handel dryf in enige onwettige of ander skadelike stof;
10. in besit is van, gebruik maak van, of narkotiese of ongemagtigde dwelms oordra of indien daar sigbare bewys is van sodanige besit, gebruik of oordrag;
11. in besit is van enige gevaarlike wapen;
12. 'n persoon aanrand of dreig om 'n ander persoon aan te rand;
13. enige persoon gyselaar hou;

14. enige persoon vermoor;
15. enige persoon verkrag; of deelneem aan enige seksuele aktiwiteit wat 'n oortreding van die wet is.
16. eiendom kwaadwillig beskadig.

BYLAE C

INTERNE SKOOLREËLS

Die skoolreëls soos hierin uiteengesit is opgestel deur die Beherliggaam, leerlingraad van Laerskool Tuine in samewerking met die leerlingraadsvoogde.

C1. DOGTERS SOMER SKOOLDRAG

Geruite broekromp - die rompie mag nie korter as 4 vingers bo die knie wees nie (gemeet wanneer die leerder op haar kniee staan). Swart skoolskoene met bandjie oor die voet/toeryg swart skoolskoene. Dogters mag ook kaalvoet wees. Wit enkel kouse. Bottelgroen gholfhemp waarop wit skoolwapen geborduur is. Slegs hemde wat by die skoolverskaffers aangeloop word, sal toegelaat word. Leerders met erekleure mag slegs op Maandae wit hemde dra saam met die skoal se baadjie sander 'n koord. NB. Indien 'n baadjie oorgeneem is, moet al die koord verwyder word asook die balkies wat vasgewerk was- koord om baadjies is slegs vir leiers. Groen moulose trui (pullover) kan oor die groen gholfhemde gedra word. Leiers dra elke dag 'n wit hemp asook die baadjie met die koord om.

C2. DOGTERS WINTER SKOOLDRAG

Swart skoolskoene met bandjie oor die voet/toeryg swart skoolskoene. Skoene moet by wintersdrag gedra word. Bottelgroen skoolsweetpak baadjie en broek of grys langbroek. Wit enkel kouse. Groen langmou gholfhemp waarop wit skoolwapen geborduur is. Slegs hempies wat by die skoolverskaffers aangekoop word, sal toegelaat word. Dogters mag lang grys broeke in die winter dra. Geen oormussies nie. Bottelgroen of wit serp en bottelgroen handskoene. Groen skooltrui (slegs die wat by

die skoolverskaffers aangekoop is). Groen formele skoolbaadjie saam met 'n wit hemp. Die baadjie mag egter nie uitgetrek word nie.

C3. DOGTERS VOORKOMS EN NETHEID

(Hierdie reels is ook van toepassing wanneer gewone klere aangetrek word.)

Hare wat oor die kraag hang, moet vasgemaak word. Slegs wit, maroen, groen of swart haarbykomstighede (lintjies, kammetjies en balletjies) mag gedra word. Dit sluit die haarband in. Moenie bykomstighede se kleure meng nie, hou by een kleur. Hare moet stewig vasgemaak wees en geen los hare mag afhang nie. Buitensporige en vreemde haarstyle is ontoelaatbaar. Hare moet netjies versorg wees. Vlegsels mag slegs agter en langs die kop wees, nie voor nie. Geen hare mag gekleur word nie. Geen hare mag in die oe hang nie.

Naels: Naels moet skoon wees. geen lang naels of naelak nie. Naels mag nie oor vingerpunte sleek nie.

Grimering: Geen maskara, oogomlyner, blosser, onderlaag, lipglans en gekleurde 'lipice' word toegelaat nie- al trek die leerders gewone klere aan.

Juwele: Geen juwele soos ringe, armbande (rekkies of leer) of kettings word toegelaat nie.

Oorringe: Slegs knoppies (goud of silwer) of standaard ringetjies (goud of silwer) mag gedra word en slegs een per oor in die onderste gaatjie. Geen steentjies van enige aard is toelaatbaar nie. Een paar oorringetjies, see Iring en polshorlosie mag gedra word. Die dra van liggaamsjuwele (bv. neus-, tong- en wenkbroujuwele) is verbode.

C4. SEUNS SOMER SKOOLDRAG

Kort grys broek. Swart skoolskoene wat voor toeryg. Seuns mag kaalvoet loop. Lang grys kouse. Bottelgroen gholfhemp waarop wit skoolwapen geborduur is. Slegs hempies wat by die skoolverskaffers aangekoop word, sal toegelaat word. Leerders

met erekleure mag slegs op Maandae wit hemde dra saam met die skoal se baadjie sander 'n koord. NB. Indien 'n baadjie oorgeneem is, moet al die koord verwyder word asook die balkies wat vasgewerk was- koord om baadjies is slegs vir leiers. Groen moulose trui (pullover) kan oor die groen gholfhemde gedra word. Leiers dra elke dag 'n wit hemp asook die baadjie met die koord om.

C5. SEUNS WINTER SKOOLDRAG

Grys langbroek. Swart skoolskoene wat voor toeryg. Skoene moet by wintersdrag gedra word. Bottelgroen skoolsweetpak baadjie. Lang grys kouse. Bottelgroen gholfhemp waarop wit skoolwapen geborduur is. Slegs hempies wat by die skoolverskaffers aangekoop word, sal toegelaat word. Geen oormussies nie. Bottelgroen of wit serp en bottelgroen handskoene. Groen skooltrui (slegs die wat by die skoolverskaffers aangekoop is). Groen formele skoolbaadjie saam met 'n wit hemp. Die baadjie mag egter nie uitgetrek word nie.

C6. SEUNS VOORKOMS EN NETHEID

(Hierdie reels is ook van toepassing wanneer gewone klere aangetrek word.)
Geen juwele nie, behalwe 'n horlosie. Hare moet netjies kort en egalig gesny wees. Hare mag nie die kraag raak nie. Geen "steps of 'undercuts' nie. Hare mag nie gekleur word nie. Geen "gel" of enige haarprodukte mag gebruik word om hare te stileer nie. Naels moet skoon en kort wees.

C7. PROVINSIALE KLERE

Die klere kan slegs Donderdae gedra word. Dit moet 'n volledige sweetpak wees en slegs die betrokke jaar se klere mag gedra word. Slegs tekkies of kaalvoet, geen plakkies. Indien die sport nie 'n sweetpak het nie, moet die leerder 'n lang denim broek aantrek.

C8. VRYDAG DRAG

Lang denimbroek of knielengte vir dogters. n Dogters mag glad nie kort broeke dra nie. Seuns kan 'n kort denimbroek dra. Die voorgeskrewe 'Vrydaghempie'. Blou kouse by lang denimbroek. Wit, swart of grys tekkies. Geen gekleurde veters nie. Indien leerder nie geskikte tekkies het nie, moet skoolskoene gedra word.

C9. SKOOLWERK

Grondslagfase:

Dit is die beleid van die Gauteng Onderwysdepartement dat geen huiswerk in die Grondslagfase gegee word nie en die skool volg hierdie beleid. Alle leerwerk, herhaling, inskerping en vaslegging is die taak van die klasonderwyseres. Aangesien daar egter noue kontak is tussen die onderwyseres en die ouers van die kind, word daar weekliks 'n inligtingstuk huis toe gestuur om ouers op hoogte te hou van die werk wat in die klas gedoen word. Hierdie inligtingstuk word om twee redes huis toe gestuur nl.:

- Leerders kan nie altyd inligting juis oordra nie.
- As gevolg van ouerbelangstelling het talle versoeke gekom van ouers om voortdurend op hoogte gehou te word in verband met skoolwerk.

In gevalle waar 'n leerder verdere remediërende aandag nodig het, word ouers deur die klasonderwyseres betrek om te help met 'n hulpprogram wat direk op die betrokke leerder se probleem gemik is en word gewoonlik direk na skool aangebied of soos deur onderwyser\es gereël.

Intermediêre- en Seniorfase:

Hier kry die leerders die geleentheid om te leer om selfstandig te werk. Dit is nie beperk tot skriftelike werk nie. Studie- en leerwerk is net so belangrik. 'n Pligsgetroue leerder sal nooit kan beweer dat hy geen huiswerk het nie. Werk wat in die klas gedoen is, moet by die huis oorgegaan word om seker te maak dat die leerder dit verstaan en ken. Leerders word aangeraai om wyer te lees as hul handboeke. Hier speel die mediasentrum 'n vername rol. Tuiswerk asook voorbereiding vir toetse moet gereeld en betyds gedoen word. Leerders kry elke dag huiswerk van een of ander aard. Afgehandelde werk behoort gereeld tuis opgesom en hersien te word. Onderwysers sal die volgende tydstoewysing in gedagte hou met die gee van tuiswerk: Graad 4: 30 minute per dag Graad 5: 30 minute per dag Graad 6: 45 minute per dag Graad 7: 60 minute per dag.

Leerders moet in die klas oplet en vra as hulle iets nie verstaan nie. Ouers behoort daagliks leerders se huiswerk te kontroleer.

C10. DAGBOEK

Huiswerk moet elke dag neergeskryf word. Merk elke opdrag sistematies af wat tuis voltooi is, om te kontroleer of alle huiswerk gedoen is. Alle huiswerk moet ingeskryf word in hierdie boekie by die datum wanneer dit gereed moet wees.

C11. VOORSKOOLSE REELS

- Skool begin stiptelik om 07:20. Indien 'n leerder laat gaan wees, verwittig die skool.
- Leerders wat 'n gewoonte maak daarvan om laat te kom, gaan inskrywings teen hulle kry.
- Tasse word by die registerklas neergesit.

- Leerders moet voor skool verdaag na hulle toegewysde speelplek.
- Geen leerder mag in die klasse wees sonder toestemming of toesig van 'n onderwyser/es nie.
- Gebruik die skolierpatrollie om oor die pad te kom, al loop jou ouers saam met jou
- Geen leerder mag die skoolterrein verlaat sander toestemming nie.

C12. NASKOOLSE REELS

- Leerders moet ordelik verdaag na afsluiting.
- Geen leerder mag in klasse wees sander toestemming of toesig van 'n onderwyser/es nie.
- Fietse moet op die terrein gestoot word, dit sluit ander items soos rollemskaatse,
- skaatsplanke, ens. in.
- Gebruik die skolierpatrollie om oor die pad te kom, al loop jou ouers saam met jou.
- Leerders wat wag vir hul ouers moet na die waghok verdaag. Geen leerder mag in die opritte of by die hekke wag vir hul ouers nie. Leerders wat by die naskoolsentrum ingeskryf is, moet onmiddellik verdaag na die saal.
- Leerders in gr. 1 en 2 verdaag om 12:45. Geen ouer mag hulle kind by die klas kom
- haal nie. Daar loop 'n 'treintjie' tot by die hek in Louisastraat Indien 'n ouer te laat is om 'n leerder af te haal, moet die hek by die kantoor gebruik word om die leerder te laat roep d.m.v. 'n afkondiging. Geen leerder mag alleen wag by die hek tussen 12:45 en 13:20 nie.

C13. FIETSLOODS

Sluit fietse toe en gaan bere dadelik jou tas. Moenie by fietsloods speel nie.

C14. SPORTBYEENKOMSTE TUIS

- Onderwysers, leerders en ouers van ander skole moet tuis voel by ons. Groet al die besoekers. Wees hulpvaardig en moenie onnodig rondloop nie. Bly as 'n span bymekaar.
- Help met die wegpak en opruim.

C15. KLASWISSELING

- Wag totdat die onderwyser die klas verdaag.
- Laat die klas netjies.
- Loop flink agter mekaar aan die linkerkant op die onderste stoep. Loop flink agter mekaar op die geel lyn op die boonste stoep.
- Moenie vir 'n maat wag nie.
- Moenie hardloop nie.
- Moenie praat nie.
- Trappe naaste aan die kantoor is slegs vir op, nie af nie.
- Trappe by kleedkamers is slegs vir af, nie vir op nie.
- Moenie tasse afgooi of laat afgly by die trappe of van die boonste vloer nie. Tasse met wiele moet getrek en nie gestoot word nie.

C16. KLASREELS

- Stap die klaskamer binne sonder 'n lawaai.
- Staan by jou bank tot die onderwyser/es die klas groet.
- Gaan sit sonder 'n lawaai. Moenie stoele skuur op die vloer nie. Haal dadelik jou boeke uit.

- Gee jou volle aandag aan die les.
- Doen werk wat gedoen moet word. Moenie ander pla nie, hulle wil graag werk.
- Moenie die klas ontwrig nie.
- Skryf die huiswerk in jou huiswerkboek.
- Moenie in die klas eet of drink nie. Water in 'n toedraai-bottel word toegelaat.
- Kougom word ten strengste verbied.
- As die interkom aan is, bly stil en luister- dit het dalk betrekking op jou.
- Leerders mag nie op tafels krap of skryf nie, dis vandalisme.
- Doen die dag se huiswerk. Van uitstel kom afstel.
- Pak volgens jou rooster. Sorg datal die boeke vir daardie dag by die skool is.
- Jou huiswerkboek moet elke dag by die skool wees. Huiswerk moet afgeteken word deur jou ouer / voog.
- Niemand leen by ander skryfbehoeftes nie. Sorg dat jy ekstra voorraad het.
- Speelgoed in klastyd is ontoelaatbaar.

C17. POUSES

- Geen leerder mag pouse in 'n klaskamer wees nie, tensy 'n onderwyser/es teenwoordig is.
- Speel op die regte plek.
- Ruim op waar jy gespeel het.
- Geen leerder mag die skoolterrein verlaat sonder toestemming nie.
- Wanneer die klok lui vir die einde van pouse moet jy so vinnig as moontlik by jou klas kom sonder om te hardloop. Gr. 4 -7 leerders het 3minute om by die klas te kom. Indien 'n leerder agtergehou word deur 'n onderwyser/es,

sal die betrokke onderwyser/es 'n brief saamstuur.

- Tasse word by volgende klas neergesit wanneer pouse begin.
- Gaan aan die begin van die pouse kleedkamers toe. As jy kleedkamers toe wil gaan wanneer die klok klaar gelui het, gaan die leerlingraad jou nie toelaat nie.
- Geen klippe of enige ander gevaarlike voorwerpe mag gegooi word nie.

C18. SAAL

- Geen leerder mag die saal binne gaan sonder die toestemming van 'n ondervvyser nie.
- Moenie skaats of gly op die vloer nie
- Wees stil as jy die saal binnegaan en stap in 'n ry
- Na saal moet jy vinnig na jou klas toe loop sander om te praat.

C19. ALGEMENE REELS

- Slegs leerders met skriftelike toestemming mag 'n telefoonoproep maak.
- Geen kougom mag gekou word nie.
- Hou die terrein netjies en skoon. Tel papiere op.
- Leerders mag nie hardloop op die stoepe nie.
- Geen leerder mag na die siekekamer toe gaan sonder die skriftelike versoek van personeel nie.
- Ouers/voogde moet leerders uitteken as die leerder die skool verlaat in skooltyd.
- Geen troeteldiere word by die skoal toegelaat nie. Dit sluit sywurms in.
- Hemde mag nie uithang nie.
- Selfone word toegelaat op eie risiko. Geen verantwoordelikheid vir verlies

of skade word deur die skoolbestuur aanvaar nie. Selfone moet afgeskakel wees gedurende skooltyd. Geen leerder mag 'n oproep van sy/haar selfoon maak gedurende skoolure nie, tensy toestemming by 'n ondervvyserles verkry is.

- 1Bring mediaboeke terug wanneer dit klaar gelees is. 'n Boete van R 120 word gehef vir verlore of beskadigde mediaboeke.
- Wanneer jou klas vir toesig ingedeel word, moet jy sorg dat jy by die regte klas uitkom vir toesig.
- Bring skeurbriewe wat deur jou ouer/voog geteken moet wees die volgende dag terug.
- Wanneer 'n leerder afwesig was as gevolg van siekte, moet 'n doktersbrief ingehandig word by die voogonderwyser. Skriftelike redes moet verskaf word vir alle afwesig hede.

Geteken te Pretoria op hierdie 16de dag van Oktober 2017.

_____	_____
Dr Chris Ackerman	Mr Jaco Snyman
Beheerliggaamvoorsitter	Skoolhoof

KENNISNAME VAN DISSIPLINÊRE GESPREK

Ek, ... in Gr...../..... erken hiermee dat die Hoof met my 'n dissiplinêre gesprek gevoer het oor die oortredings wat ek tot dusver begaan het.

Ek besef dat die oortredings wat ek begaan het onaanvaarbaar is en dat hierdie gesprek dien as ‘n mondelinge waarskuwing. Die gevolge van verdere oortredings is aan my verduidelik.

....

HANDTEKENING VAN LEERDER DATUM

w.g. …… SKOOLHOOF

AFSKEURSTROKIE: KENNISNAME VAN DISSIPLINêRE GESPREK

Hiermee neem ek, ... die ouer/voog van ..... in

Graad ...../... kennis van bogenoemde skrywe en dat ek met my kind hieroor gepraat het.

OPMERKINGS:

.....

..... HANDTEKENING

Geagte .....

KENNISGEWING AAN OUERS I.V.M. LEERDEROORTREDINGS

Ons wil dit graag onder u aandag bring dat, ... in Gr...../.... se houding t.o.v. (huiswerk / optrede in die klas) nie na wense is nie. (Sien afskrifte van insidente). Daar was reeds ‘n dissiplinêre gesprek met hom/haar gevoer in die kantoor.

Die skool nooi u graag vir 'n onderhoud om die saak met u te bespreek. Kontak asseblief dringend die kantoor om 'n afspraak te reël.

w.g. …… SKOOLHOOF

AFSKEURSTROKIE: VERDERE OORTREDINGS

Hiermee neem ek, ... die ouer/voog van..... in

Graad ...../... kennis van bogenoemde skrywe.

OPMERKINGS:

.....

..... HANDTEKENING

Geagte .....

ONSUKSESVOLLE VERANDERING IN GEDRAG

U kind, ... in Gr...../.... is vir ‘n tydperk van twee weke gemonitor om te sien of daar ‘n verbetering in sy gedrag sou voorkom. Dit wil egter voorkom asof daar nie ‘n daadwerklike poging van u kind was om sy gedrag te verbeter nie. Die skool het geen ander keuse as om die onderstaande strafmaatreël aan te wend nie.

.....

Ons wil u asseblief vriendelik versoek om ons te ondersteun om u kind se gedrag te verbeter.

w.g. …… SKOOLHOOF

AFSKEURSTROKIE: ONSUKSESVOLLE VERANDERING IN GEDRAG

Hiermee neem ek, ... die ouer/voog van..... in

Graad ...../... kennis van bogenoemde skrywe.

OPMERKINGS:

.....

..... HANDTEKENING